Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Andre Lamprecht**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
Andre.Lamprecht@westerncape.gov.za | 021 467 2619

Lêerno.: 21/2/5/2
Verwysing: 20241204-9102

Kurrikulum AOO-minuut: 0010/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Koördineerders vir die Intermediêre Fase/AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Intermediêre Fase en Prinsipale van alle gewone openbare skole wat graad R tot 7 aanbied

**Onderwerp: Implementering van Moedertaalgebaseerde Tweetalige Onderwys (MTbTO) in 2025**

1. Omsendbrief 18/2024, gedateer 16 Oktober 2024, van die Departement van Basiese Onderwys (DBO), as Bylae A aangeheg, steun die gebruik van *translanguaging* in onderrig en leer om leerders deur die gebruik van hul huistale (moedertaal) te bemagtig. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) kondig daarom graag die implementering van MTbTO in die Wes-Kaap aan. Die doel is om onderwysuitkomste te verbeter en terselfdertyd respek vir leerders se linguïstiese en kulturele identiteit te kweek.

2. **Implikasies van die implementering van MTbTO**
Die bekendstelling van MTbTO in Afrikaans, Engels en Xhosa in primêre skole hou verskeie voordele in. Dit is ontwerp om onderwysuitkomste te verbeter, kulturele identiteit te bevorder en maatskaplike samehorigheid tussen leerders te versterk.

3. **Verstaan MTbTO**
Vir 'n duideliker begrip van wat MTbTO behels, raadpleeg asseblief Bylae B, waarin die konsep in besonderhede uiteengesit word.

4. **Rolle en verantwoordelikhede**
Bylae C gee 'n uiteensetting van die rolle en verantwoordelikhede van verskeie belanghebbers wat nodig is om die suksesvolle implementering van MTbTO te verseker.

5. **Voorspraak en bewusmaking**
Om die ontplooiing van MTbTO te verseker, sal 'n voorspraakprogram vroeg in 2025 begin. Dit sal insluit:
- Werksessies en opleiding: Inligtingsessies vir belanghebbers oor die voordele van MTbTO.
- Gemeenskapsbetrokkenheid: Betrokkenheid van ouers en gemeenskapslede om ondersteuning te bou.
- Samewerking: Vennootskappe met plaaslike organisasies en nieregeringsorganisasies om bewustheid te kweek en terugvoer te kry.

6. **Formele bekendstelling**
Die WKOD sal MTbTO amptelik in Kwartaal 1 van 2025 bekendstel. Besonderhede van die geleentheid, wat die datum en plek sal insluit, sal binnekort bekendgemaak word.

7. **Opname en sertifisering**
Ons versoek vriendelik dat prinsipale wat nog NIE die opnames voltooi het nie, die vereiste opname teen nie later nie as 06 Desember 2024 sal voltooi en die akkuraatheid van die inligting wat verskaf word, sal sertifiseer. Die DBO-skakels wat gebruik moet word, is:

7.1 **Opvoeders**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdx5XIoEkIymkbIfQtRonkEN2I8moLRMdtTfEq_NwKYvfk6ew/viewform?usp=sharing

7.2 **Prinsipale**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdUdRTjguY7bBqVEFn7y0DzcZFWnoUsMX7EKWtWk6VeatJ6AA/viewform?usp=sharing

8. **Samevatting**
Die sukses van MTbTO sal bepaal word deur die gesamentlike toewyding van alle belanghebbers. Die WKOD is daartoe verbind om die nodige hulpbronne en ondersteuning te verskaf om effektiewe implementering te verseker. Meer besonderhede oor opleiding en hulpbronne sal mettertyd gekommunikeer word. Vir enige navrae of bykomende inligting, tree asseblief met u distrikskantoor in verbinding.

9. Dankie vir u samewerking terwyl ons almal saamwerk om ons leerders deur middel van taal te bemagtig.

10. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-12-10